

Dié evangelie van die Koninkryk

Gaan en verkondig die evangelie van die Koninkryk en gaan maak vir My Dissipels.

Die Koninkryksnetwerk is vir ons gegee deur YAHUSHA wat in die laaste tyd vir ons openbaar word. Orde in VADER se Koninkryk moet gesien en verstaan word, want YAHUSHA SY Gesalfde is gestuur om dit vir ons deur te gee.

Die sleutels tot die koninkryk is daar, maar dit is nie vir almal nie, want dit is 'n verborgenheid. Net die wat met begeerte na die Koninkryk van VADER soek, sal dit vind. As jy nie weer gebore word uit water en Gees nie, kan jy nie in die koninkryk van VADER ingaan nie. Daar moet in jou, 'n inkering (Wetsoortredings besef) plaasvind sodat bekering [omdraai] moontlik kan wees. Jy moet erken dat YAHUSHA die Seun van VADER is en dat Hy gekom het om te sterf vir ons wetsoortredinge; dat VADER se Gees, "YAHUSHA" weer op die derde dag laat opstaan het, dat Hy opgevaar het en weer gaan kom na Sy Koninkryke (Sien dit as die eerste **sleutel**).
Verstaan Hand. 8:12, 37 wat sê: Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van VADER en die Naam van YAHUSHA Sy Gesalfde verkondig het,....:37 : As u glo met u hele hart,;... dat YAHUSHA dié Gesalfde die Seun van VADER is.

Tweede **sleutel**: Met 'n brandende begeerte in jou moet jy vra om gedoop te word.

Derde **sleutel**: Dat jy sal volhard in geregtigheid en die geboorte doen, sodat geboorte van Bo moontlik sal wees.

Vierde **sleutel**: Verkoop alles (*wat jy dink joune is*) aan VADER.

Vyfde **sleutel**: Gaan maak dissipels, en verkondig die evangelie van die koninkryk van VADER.

Voor die netwerk plan wat volg, noem ek dat die wat wel ingeskakel is in die Koninkryk plan, gewoonlik die arm en eenvoudige is. Daarom is my aanbeveling om na die middelklas en die arme te gaan, want dit is hulle wat sal snap en bereid sal wees om sy lewe vir die saak te gee.

Voorwoord:

Dit is 'n mosterdsaad, koring of suurdeeg idee.

Hetsy van watter saad ons praat, die saad is mikroskopies klein teenoor wat dit gaan word na ontkieming en groei, tot 'n volwasse stadium.

Neem bv. die koringaar; Aan sy buitekant is die semel vel dan die kos vir die werklike lewe wat aan die binnekant van die aar is. Die lewe wat binne in daardie aar is, is latent totdat dit gesaai en benat word sodat dit 100 voudig kan vermeerder. Ons as mens sit met "dieselfde" lewe binne in jou en waarvan dit wag om geplant en benat te word. Wat nou van kardinale belang is, is dat die koringaar 100% gaan voortspruit uit dit wat dit is, "koring". Die mens is die dieselfde tot die teenoorgestelde. In ons saadkorrel is dié Lewe, ja, maar rondom daardie Lewe is 'n leemte van niks, wat oorgetrek is met 'n valse vliesie. Dit lyk op die oog af reg en opreg, maar sal nooit kan groei nie, weens afwesigheid van daardie kos (*Lewende brood en die vrykoop van ons Losser*) help die benatting nie. Ons is bereid om te sê: ja ons kan, ons sal en ons gaan, maar hoeveel waarheid lê in daardie woorde as daar geen kos rondom die Lewe lê nie. Al voel jy sterk soos Simson van ouds, sal jy soos hy verneder word, want dit lê nie by jou of by my om daardie kos te voorsien nie.

Ons gaan nou kyk na die uitbreiding. Die koninkryk netwerk is orde en daarsonder kan niks ontstaan en bly bestaan nie.

Die Hemel se Heerskappy is soos volg:

Eerstens is dit: **VADER**

Dan Sy Seun: **YHUH / YAHUSHA dié Gesalfde**

Dan die **gerubs, engele, ouderlinge en onbekendes**

Dan Sy 12 apostels deur YAHUSHA gekies.


Die aardse heerskappy behoort tans aan Ha satan waarvan dit van korte duur is, want YAHUSHA het Ha satan kom openbaar en orde daar gestel vir Sy wederkoms.

Die opdrag aan die 12 apostels was: "Gaan maak vir My dissipels en gaan verkondig die evangelie van VADER se Koninkryk".


Soos bo gesien dat daar, Hemel en Hemele is, moet verstaan word dat ons onder YHUH se "Hemel" Heerskappy is en nie VADER se "Hemelse" nie.

Ons staan onder die 10 Gebooië, Wette en Verordeninge (*Ontvang by VADER*) van YHUUH, en nie VADER sin nie. Die aarde is die Tuin van Eden en Eden is waar die aardse Hemel is, nie Hemele nie, want Heerskappy kom uit die Hemel.

Nou die uitbreidings netwerk op aarde vir ons Koning YHUUH begin by jou. Sonder jou as dissipel—in—aksie kan daar nie 'n koninkryk gebou word nie. Eerstens hoe sal daar apostels en dissipels gewees het as YAHUSHA hulle nie uitverkies het nie. Dieselfde kan gevra word oor jou, as YAHUSHA jou nie kan gebruik nie, wie moet Hy dan gebruik?
Vertrou op Hom en Hy sal jou deel maak van die wenspan!!



Jy verteenwoordig die grys kolle in die koninkryk netwerk.



- A** = Jy het oorgegaan as dissipel na dissipel in aksie (werker) om die evangelie van die Koninkryk van VADER te verkondig.
- B** = Deur YAHUSHA in jou wen Hy nog werkers soos bo uit gewys en met volle oorgawe vir die saak wek jy baie siele, maar let op dat die pyltjies altyd wegwys van jou af. Alle nuwelinge val dadelik onder YAHUSHA en Sy beskerming en het net met Hom te doen.

C = In die groep wat jy in YAHUSHA gewen het is daar ook dissipels wat dieselfde soos jy voel oor die saak wat wil wegbreek, om dit te doen wat jy doen. Ek noem hulle somer die "weg" oop brekers, m.a.w. as jy met (**B**) 6 dissipels in jou groeie sit en hulle ontvang ieder en elk by YAHUSHA daardie begeerte, dan kom daar 'n ontsettende ontploffing onder die uitbreiding van die Koninkryk. So jou gebede moet juis daarvoor gaan om elkeen van jou groep 'n wegbreker te maak.

D = Is die uitwerking van **C** wat in die ontploffing stadium is. Wat besef moet word is dat as ons nie dissipels in aksie (werkers) kry nie, gaan die nuwe groeie deur satan doodgedruk word.

'n Kort verduideliking in YAHUSHA. Toe YAHUSHA Sy apostels begiftig het was hulle al-die-pad latent. Eers toe hulle die Gees van VADER ontvang het was hulle bereid om tot die dood vir die Saak te veg. As hulle nie oorgegaan het in daardie Koninkryk besef nie, sou die uitbreiding gestop het, maar ek verbly my in die woorde van YHUH in *Jer. 45:4 So moet jy vir hom sê: So spreek YHUH: Kyk, wat Ek gebou het, breek Ek self af; en wat Ek geplant het, ruk Ek self uit; en dit betref die hele aarde. Deut. 32:39 Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.*

Wat nou van belang is, is dat dit wat nou moet ontketen mag nie stilgehou word nie. Ons mag nie die Lamp onder 'n maatemmer sit nie. Ons mag nie bevrees wees teenoor ander volke en selfs jou eie nie. Dit is nie net vir grootmense nie, maar vir almal. Soos die Skrif sê, as jy dit nie soos 'n kind verstaan nie, is dit nie vir jou nie. So, asb. moet nooit die kinders uitjaag as jy die koninkryk aan die volgende verduidelik nie (*Kinders beteken ook dat dit jongelinge is; Jongelinge in die sin dat hulle nuwelinge is wat die koninkryk betree. Dit kan van kind tot oumens wees wat 'n "jongeling / kindderkies" is. Nuut in die "waarheid" m.a.w.*)

Ons kan sê wat in Joh. 4:22 staan: *Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die reinheid is uit Jakob uit die Juda stam.*

Voor ons afsluit is dit soos die begin. Ons as **dissipels** gaan na **VADER** deur **YAHUSHA die Gesalfde**. Met die wil van **VADER** sal die groei van die uitbreiding so lyk:

Die eerste vergadering kom daar 10 werkers, wat jou insluit. Die volgende dag kry elk van die 10 net 5 wat die getal bring tot 60 werkers en 50 dissipels. Die dag daarna is dit 300 werkers, 800 dissipels. Binne 'n week is daar **187 500** werkende dissipels en **12 125 000** sittende dissipels. Die werkende dissipels is belangrik, want sonder hulle sal die verkondiging nie "werk nie", maar die sittende dissipels is net so belangrik.

Ek noem hulle die landmyn of die bom. Dink net by jouself, as daar iets in die land gebeur sal hulle definitief 'n roering maak. Om baie konserwatief te wees, soos wat ons in die Skrifte lees van Benjamin, is daar uit 30 000 net 300 man uitgekies. Dit gee vir jou net 1 % van 30 000, m.a.w. uit ons 187 500 werkers (gesinsmanne) en 12 125 000 dissipels (die volk) is 1 % 1 875 vegters en 121 250 veg – ondersteuners binne 'n week! As dit vir langer as 'n week uitgewerk word, kan jy die grondgetal dan sien? As ons net een per week kry, kry ons dieselfde getalle soos hierbo, m.a.w. binne 7 weke!! Wat ook al die tydperk, met 1875 man sal YHUUH die land herstel. Prys SY GROOTE NAAM.

Open. 3:8 staan: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My Woord bewaar en My Naam nie verloën nie.

Waarom sal ons versuim om deur daardie geopende deur te gaan, want niemand kan die sluit nie!

Bedink dit